

# NETWERK24

16°C / 20°C 

TUIS

NUUS

SPORT

SAKE

STEMME

DIE STUDENT

MY SKOOL

VERMAAK

LEEFSTYL

E-PUBLIKASIES

SOEK



GESONDHEID



## Kommer oor vroue se fuifdrinkery

Deur Charné Kemp | 03 Desember 2018 17:27

Vroue wat alkohol misbruik, doen dit dikwels omdat hulle magteloos voel en die pyn met alkohol wil verdoof. Hul droewige omstandighede, gebrek aan toekomsvooruitsigte en groepsdruk maak hulle vatbaar vir alkoholmisbruik.

“Daar is nie 'n rede vir hulle om nugter te wees nie,” sê dr. Leana Olivier, uitvoerende hoof van die Stigting vir Alkoholverwante Navorsing (FARR).

Volgens haar klop dié stigting se syfers met Statistieke Suid-Afrika (SSA) se bevindings dat Noord-Kaapse vroue die meeste alkohol gebruik.

SSA het in sy jongste demografiese en gesondheidspeiling bevind dat Noord-Kaapse vroue en Gautengse mans die meeste alkohol in die land gebruik.

Sowat 13 000 huishoudings het aan die studie deelgeneem.

Sowat 5% van vroue en 27% van mans het in die laaste 30 dae vyf of meer standaardhoeveelhede alkohol gedrink, wat as riskante drinkgewoontes of fuifdrinkery beskryf word.

Sowat 36% wit, 18% bruin en 8% swart vroue het in die laaste sewe dae alkohol gedrink, waarvan 10% bruin, 5% swart en 4% wit vroue riskante drinkgewoontes openbaar het.

**Ons moet hulle leer wat veilige alkoholverbruik teenoor misbruik is.**

– Dr. Leana Olivier, uitvoerende hoof van die Stigting vir Alkoholverwante Navorsing (FARR).

Olivier sê FARR doen sedert 2000 navorsing in dié Noord-Kaap. Ons is baie besorg oor die nadelige gevolge van fuifdrinkery op ongebore babas.

“Die Noord-Kaap het die hoogste aangemelde voorkoms van fetale alkohol-spektrum-afwykings, waarvan die ergste vorm fetale alkohol-sindroom is.

“Tussen 6,9% tot 28,2% van Noord-Kapenaars ly aan fetale alkohol-spektrum-afwyking. Die wêreldgemiddeld daarvan is 1,5%.”

Die syfers wissel in verskillende gemeenskappe. Die plekke waar die navorsing gedoen is, is De Aar, Kimberley, Upington, Hanover,


Phillinstown, Petrusville en Vanderklouf

SKAKELS

NUUSBULLETIN

GEWILDSTE

1. Einde van resessie bring nie vreugde vir rand
2. Die weer in jou streek Woensdag
3. Thuli vol lof vir nuwe NVG-baas
4. Tito skerm vir sy 'homeboy' Malema in twiet
5. KYK: Amerikaanse burgers kry kans om Bush sr. te groet



Stemme

Hanlie Retief

Rubrieksrywer  
Hanlie Retief is 'n  
bekroonde skrywer en  
aanbieder van 'n  
Halfuur met Hanlie op  
Via.



+ Hanlie Retief gesels met Allan Heyl

+ Hanlie Retief gesels met Stephen Koseff